

DIE WETENSKAPLIKE FEITE OOR DIE "KARAKTERS" FLORIS, MRS. PLES, DIE TAUNG-BABA EN SALDANHA

J.J. Oberholzer

Die gefossileerde skedel van die Taung-baba is in 1924 in die Buxton-kalkwerke naby Taung in Noord-Kaapland (nou deel van Bophuthatswana) gevind. Professor Raymond Dart van die Universiteit van die Witwatersrand het gemerk dat die skedel beide aap- en mensagtige eienskappe het en die naam suidelike aapmens van Afrika, oftewel *Australopithecus africanus* daaraan toegeken. Hoewel Dart se bewering destyds internasionale opslae gemaak het, het die tyd hom reg bewys. Vandag aanvaar paleo-antropoloë (wetenskaplikes wat die oermens bestudeer) dat *Australopithecus africanus* een van ons lang lyn van voorsate is.

In Januarie 1985 word 'n internasionale simposium in Johannesburg en Taung gehou ter herdenking van dié ontdekking 50 jaar gelede. Al die vooraanstaande paleo-antropoloë van die wêreld sal die simposium bywoon.

Die gefossileerde skedel van "Mrs. Ples" is in 1947 deur dr. Robert Broom in die Sterkfonteingrot, naby Krugersdorp, in Transvaal, gevind. Broom was van mening dat dié skedel genoeg verskil van dié van die Taung-baba om 'n afsonderlike wetenskaplike naam te regverdig en daarom het hy dit *Plesianthropus transvaalensis* (ampermens van die Transvaal) genoem. Die naam "Mrs. Ples" is 'n gepopulariseerde afkorting van die wetenskaplike naam. Ná deeglike studie word vandag aanvaar dat "Mrs. Ples", net soos die Taung-baba, ook tot *Australopithecus africanus* behoort.

Die suidelike aapmensies het regop geloop en was sowat 1,2 meter (vier voet) lank en het waarskynlik minder as 45 kilogram (100 pond) geweeg. Hulle het meer as twee miljoen jaar gelede die vlaktes van Wes-Transvaal en Noord-Kaapland bewoon, terwyl naverwante soorte ook in Oos-Afrika geleef het.

Twee uitgestorwe spesies van die genus *Homo*

waaraan die mens *Homo sapiens* ook behoort, is reeds gevind, te wete *Homo habilis* (handige mens) wat sowat twee miljoen jaar gelede in Oos- en Suid-Afrika geleef het, en *Homo erectus* (regopmens) wat tussen sowat 1,7 miljoen en 200 000 jaar gelede wyd verspreid was oor Afrika sowel as oor gedeeltes van Europa, China en Java.

Die skedel van Saldanhaman is in 1953 op die plaas Hopefield naby Saldanhabaai deur mnr. K. Jolly en dr. R. Singer gevind. Dit toon eienskappe wat ooreenstem met dié van *Homo erectus* en dit word beraam dat Saldanhaman sowat 200 000 jaar gelede geleef het.

Die bekende skedel van die Florisbadman is in 1932 deur professor T.F. Dreyer by die warmwaterbron Florisbad, 40 kilometer noord van Bloemfontein, uitgegrawe. Die Florisbadman was 'n vroeë *Homo sapiens*, oftewel hedendaagse mens, met 'n meer primitiewe voorkoms as die ietwat jonger gefossileerde menseskedel wat later by Border Cave in Swaziland gevind is.

Die mense van Florisbad, wat deur professor Dreyer beskou is as die Boesmans se oergrootjies, het tussen 50 000 en 100 000 jaar gelede die Vrystaatse vlaktes bewoon en op die diere wat by die warmbron water gedrink het, jag gemaak. Florisbad behoort sedert 1980 aan die Nasionale Museum en opgrawingswerk gaan steeds voort.

In die nuwe uitstallings oor paleontologie (studie van vroeë lewe) wat in die Nasionale Museum in Maart vanjaar oopgestel is, is daar onder meer 'n pragtige uitstalling waarin die fossiele-getuienis oor die aapmensies, asook die primitiewe en moderne mens en die omgewings waarin hulle gewoon het, uitbeeld. Daar is ook afbeeldings wat wys dat die aapmensies, Florisbadman en andere nie gelyk het soos wat Charl Marais hulle teken nie. Kom kyk gerus.

